KENNISGEWING VANUIT DIE REKTOR SE KANTOOR

Liewe Aros-studente,

Aros se bestuur en personeel wil graag ons studente bedank vir die suksesvolle wyse waarop julle steeds die aanlyn klasse "bywoon". Ons is besonder dankbaar dat ons studente te midde van al die uitdagings steeds baie goeie klasbywoning toon. Dankie vir julle samewerking in hierdie onsekere tye waarin ons almal opofferinge moet maak. Ons doen dit egter met dankbaarheid en blydskap, aangesien ons vas daarin glo dat die Here alles volgens sy raadsplan bestuur.

Die president het op Saterdag, 15 Augustus 2020 aangekondig dat ons na vlak 2 van inperking beweeg. Die president se toespraak het egter nie duidelike besonderhede bevat rakende die terugkeer van studente na kampusse nie. Die enigste uitsprake wat op hierdie stadium vir ons van belang is, is die volgende:

- Die maksimum aantal persone vir 'n samekoms is steeds 50.
- Daar mag nou oor provinsiale grense gereis word.

Totdat ons meer gedetailleerde instruksies en regulasies vanaf die Departement van Hoër Onderwys ontvang, handhaaf ons steeds die *status quo* wat die modus van klasse en toetse se aanbieding aanbetref.

Ons voorsien egter steeds dat ons binne die huidige maatreëls voorsiening sal maak vir kontaksessies teen die einde van die jaar met ons finalejaarstudente ter wille van hul afronding.

Met dank teenoor almal vir hul volgehoue samewerking.

Prof PH Fick
Rektor
17 Augustus 2020

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.